



Oosies

NUUSBRIEF

2026
WERK EN OORWIN
Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

29/2026

27 Augustus 2026

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers en Voogde

Die somer is in die lug! Oral om ons begin die natuur stadig maar seker 'n nuwe baadjie aantrek, en saam met die warmer dae is daar sommer ook 'n nuwe energie en opgewondenheid onder ons Oosies. Dit is 'n besige tyd van die jaar, maar ook 'n tyd waarin daar soveel geleenthede vir groei, ontwikkeling en prestasie is.

Met die warmer weer wat sy verskyning maak, beweeg ons leerders ook oor na somersdrag. Die komende week dien as 'n oorgangswaek, waartydens leerders geleentheid kry om van winter- na somersdrag oor te skakel. Die volledige reëlins rondom die oorgangswaek en somersdrag word verder in hierdie nuusbrief uiteengesit. Ons vra dat ouers en leerders asseblief deeglik daarvan kennis neem en toesien dat die korrekte skooldrag gedra word.

Ons graad 10-leerders is hierdie waek op hul jaarlikse Veldskool. Ons vertrou dat dit vir hulle nie net 'n heerlike ervaring sal wees nie, maar dat hulle ook waardevolle lewenslesse – oor samewerking, verantwoordelikheid, deurstellingsvermoë en die waarde daarvan om soms buite jou gemaksones te beweeg, sal leer.

Vrydag is dit ons Matriekraad se beurt om op kamp te vertrek. Hierdie kamp vorm 'n belangrike deel van hul voorbereiding vir die verantwoordelikheid wat hulle as leiers van die skool aanvaar het. Hier sal hul leierskapsvaardighede verder ontwikkel en hul onderskeie rolle en verantwoordelikhede verfyn word. Ons vertrou dat die kamp 'n sterk grondslag sal lê vir die jaar wat voorlê en dat elkeen sal terugkeer met 'n duidelike besef van die verskil wat goeie leierskap kan maak.

Op sportgebied is ons besonder trots op ons o.16A-rugbyspan wat die Virseker Plaat-finaal gewen het. Baie geluk aan elke speler, afrigter en ondersteuner wat tot hierdie besondere prestasie bygedra het.

Ons herinner ook ons ouers aan twee belangrike administratiewe sake. Herregistrasie van ons huidige leerders moet asseblief betyds afgehandel word. Die aanlyn registrasieproses vir graad 8-leerders sluit ook binnekort. Ons doen 'n beroep op ouers om asseblief nie tot op die laaste oomblik te wag nie en seker te maak dat alle nodige prosesse betyds voltooi word.

Vir baie van ons leerders lê daar nou 'n belangrike akademiese tyd voor. Toetse en die rekordeksamen vra fokus, goeie beplanning en volgehoue harde werk. Onthou dat sukses selde in een groot oomblik gebou word – dit lê in die klein keuses wat jy elke dag maak: om betyds te begin leer, nog 'n oefening te doen, hulp te vra wanneer jy iets nie verstaan nie en aan te hou wanneer die werk moeilik raak.

Aan elke Oosie wat nou vir toetse of eksamen voorberei, glo in wat jy reeds geleer het, gebruik jou tyd produktief en gee elke dag jou beste. Moenie wag vir motivering voordat jy begin nie – begin, en laat jou vordering jou motiveer. Elke uur se voorbereiding bring jou 'n tree nader aan jou doelwit.

Mag die nuwe seisoen vir ons almal ook 'n herinnering wees dat groei tyd, geduld en versorging vra. Net soos die natuur weer nuut begin, bied elke nuwe dag vir ons die geleentheid om weer te probeer, harder te werk en beter te doen.

Sterkte met die res van die week wat voorlê, Oosies. Hou aan groei, hou aan droom, hou aan om die beste weergawe van jouself te wees en na uitnemendheid te streef.

Vriendelike groete

Me S Theron

HOOF

ALGEMEEN

Belangrike datums en kontakbesonderhede

26-28 Aug.	Gr.10 Veldskool
28-30 Aug.	2026/2027 Matriekraadkamp
1 Sept.	Herregistrasie van huidige leerders
4 Sept.	- Lentedag (gewone klere) en -sokkie - Gr.8's 2027 aanlyn registrasie sluit
5 Sept.	Netbal Legendsdag
16 Sept.	FOTODAG 3
22 Sept.	ATKV Talentaand
23 Sept.	Skool sluit
26 Sept.	Moot Film-bekendstelling (by Oos-Moot)

Herregistrasie van huidige leerders

Dit is tyd vir die **jaarlikse herregistrasie van ons huidige leerders vir 2027**, soos vereis deur die Departement van Onderwys. Herregistrasie is belangrik om u kind se plek vir die komende skooljaar te verseker.

- U ontvang op **1 September** 'n e-pos vanaf die d6-skoolsisteem met 'n **unieke skakel vir elke kind**.
- Voltooi die elektroniese vorm volledig en dien dit in.
- Herregistrasie moet teen die aangeduide **sluitingsdatum** voltooi wees om u kind se plek vir 2027 te verseker.
- Enige tegniese probleme sal aan d6 gerapporteer word.

Navrae: **F. Gratz** – admin@oos-moot.co.za

Skooldrag – SOMER (Oorgangsfase)

Die seisoen begin draai en leerders sal vanaf **24 Augustus tot 28 Augustus** in 'n oorgangsfase beweeg van wintersdrag na somersdrag. Leerders dra OF volle wintersdrag, OF volle somersdrag – nie 'n mengsel van die twee nie.

Volle, amptelike somersdrag

- Die leerders dra vanaf **1 September** amptelike somersdrag.
- Daar is seuns wat verkies om dasse saam met hul somersdrag te dra – die vergunning is reeds hiervoor gemaak.

Voorkoms

Ons versoek dat ouers asseblief sal let op u kind se voorkoms

- Sommige dogter se rompe is vreeslik kort en dra nie by tot die beeld van die skool nie.
- Sommige seuns se hare en kuiwe is te lank.

Lentedagviering en -sokkie – 4 September

Ons vier lentedag op 4 September met 'n feestelike atmosfeer.

- Leerders mag vir die dag **Bok-Vrydagklere** aantrek teen 'n **R10-DONASIE**.
- Leerders wat vir die Lentesokkie kaartjies gekoop het, hoef nie 'n addisionele R10 donasie vir lentedagklere te betaal nie.

- Die Lentesokkie is 'n Matriekraadprojek en die fondse sal ten bate van die Kultuurfonds aangewend word.
- Verdere inligting oor die sokkie sal op die skool se kommunikasiekanale deurgegee word.

Gr.8's 2027: Aanlyn registrasies

Die aanlyn registrasies vir 2027 sluit op 4 September. Besoek die skool se [webwerf](https://www.oos-moot.co.za) (<https://www.oos-moot.co.za>) vir die volledige inligting.

AKADEMIE

Belangrik: Vanaf **21 Julie tot 19 September** sal daar ook **elke Woensdag**, per vak, verpligte akademiese uur wees.

Skryf. Inspireer. Publiseer

'n Oproep aan alle jong Oosie-skrywers!

Hou jy daarvan om gedigte of opstelle te skryf?

Me T Jordaan nooi alle talentvolle skrywers uit om hul oorspronklike gedigte en opstelle vir moontlike publikasie in die skooltydskrif in te stuur.

Sluitingsdatum : 30 Augustus

E-pos na : jordaant@oos-moot.co.za

SPORT

HOKKIE: OOSIE JUNIORS

Alle laerskoolseuns en -dogters wat belangstel om hokkie te speel, word uitgenooi om by ons **Oosie-Junior Hokkie** in te skryf. Sluit aan by ons WhatsApp groep.

<https://chat.whatsapp.com/Cov0LhCWJ2dKx1shIRiPR>

KULTUUR

KOOR

Ons koor begin hul optredes vir die jaar:

Datum	Geleentheid
27 Augustus	Noordekruin Kunstefees
2 September	Afrikaanse Kunsvereniging

MNR EN MEJ OOS-MOOT 2027

Ons nooi graag alle graad 10- en 11-leerders uit om in te skryf. Die inskrywings vir Mnr en Mej Oos-Moot 2027:

Datum open : 1 September

Sluitingsdatum : 18 September.

Inskrywingsfooi : R50 pp (finansieskantoor)

Betaalbaar : 1 tot 23 September.

Indien die inskrywingsfooi nie betaal word nie, word die inskrywing nie in ag geneem nie.

Google Form vir inskrywing:

<https://forms.gle/xVtoC9cbYNTpnonP9>

Uitdunne vind soos volg plaas:

Eerste Rondte:

- **Woensdag, 7 Oktober: Dogters** – 14:15 – 18:00
- **Donderdag, 8 Oktober: Seuns** – 14:15 – 18:00
- **Kleredrag:** Skoolklere
- **Lokaal:** Restaurant

Tweede Rondte:

- **Maandag, 12 Oktober:** Finale Uitdunne – 14:15-18:00
- **Kleredrag:** Gewone klere
- **Lokaal:** Restaurant

ATKV TALENTAAND

Wanneer: 22 September 2026.

Tyd: 18:00 vir 18:30.

Waar: Skoolsaal.

Kaartjies: R80.00 per persoon, beskikbaar op die Blou Rak. Kaartjieverkope open 31 Augustus 2026

BUITEPRESTASIES (Prestasies buite skoolverband)

Vir die aanmeld van die onderskeie buiteprestasies klik op die spesifieke skakel.

SPORT



<https://forms.gle/FZeBTdsmxBPfT7Xp8>

KULTUUR



<https://forms.gle/Xwi9KdgBdTYZL8ARA>

PROJEKTE

PVM PRODUKTE

Bestellings

- Voltooi die [bestelvorm](#) en stuur na: pieterses@oos-moot.co.za

Afleverings

- Aflevering vind plaas in die week ná die sluitingsdatum van elke bestelling.

OOSIE BOND

Sluit aan by die ondersteunersgroep nou ouers om aan te sluit by hul WhatsAppgroep.

<https://chat.whatsapp.com/I68IETvnQq620ZOrTlb6fc?s=sh&p=i&mlu=4&amv=2>

NUUSBRIEFADVERTENSIES

Adverteer in ons skool se nuusbrief. Koste en volledige inligting by die [skakel](#) beskikbaar.



<https://tickets.tixsa.co.za/event/film-premiere-die-moot>

Waverley

Wiskunde & Wetenskap



Sentrum


Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.

- Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
- Rekeningkunde graad 8 tot 12.
- Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
- Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
- **Career Direct:** Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding

Aanvullende onderrig + Beroeps


- & Vakkeuse toetsing

Marina Stander - 083 259 8913



Voel jy moedeloos met Chemie/ Fisika?

Sê jy: "Dis vir my Grieks!"
 "Ek verstaan dit nie!"
 "Dis moeilik"
 "Ek kan dit nie doen nie"



MAAK Chemie en Fisika FUN ☺

& wees In jou element!

HOE? Kom vir ekstra-klas by:

9 F Fluorine 18.998	92 U Uranium 238.029	7 N Nitrogen 14.007
Ele-m-eNtS ™		

Fisiese Wetenskappe
 EKSTRA-Klasse
 Graad 10/11/12

Vir Navrae: Kontak ons gerus:



076 343 0417



funelements2@gmail.com

STUDIEMETODEKURSUS EN BREINPROFIELE VIR LEERLINGE

Baie leerlinge onderpresteer omdat hulle nie verstaan hoe die brein funksioneer t.o.v. konsentrasie en geheue nie. Hulle ken en verstaan ook nie die verskillende studiemetodes nie. Elke leerder moet die geleentheid gegun word om voldoende voorberei te word vir die eise van hoërskool en die voorreg hê om, volgens sy/haar vermoë, optimaal te presteer. Dit is 'n uitstekende, interessante en genotvolle kursus, wat met breingim geïntegreer word.

'n Paar fokuspeunte van die kursus:

- Funksionering van die menslike brein, positiewe denke, konsentrasie en geheue
- Suksesvolle bereik van studiedoelwitte en tydsbeplanning
- Studiemetodes, studiewenke en opsommetodes
- Toetse/eksamens: beplanning en voorbereiding



Alle studiemateriaal word voorsien.

DATUM: 9 en 10 Oktober (Slegs vir graad 8-9's)	PLEK: Hoërskool Oos-Moot (Kamer 69)	TYD: 9de – 14:00 – 18:00 10de – 08:00 – 14:00	KOSTES: ✓ Studiemetodekursus alleenlik: R600 ✓ Breinprofielvaluering en beroepsvoorligting: R700 (Opsioneel, maar van onskatbare waarde.)
---	--	--	---



PAKKET BELOOP R1000 PER LEERDER
 en dit sluit die kursus en breinprofiel in.



Indien u sou belangstel, is u welkom om vir my 'n e-pos na info@brainwise.net te stuur.



U sal die naweek voor die kursus 'n boodskap ontvang met die benodigdhede wat die leerder moet saambring.

Verstaan jou brein. Gebruik die regte metodes. Bereik jou doelwitte! ☆